

12 Julie

Kolossense 3:18-4:1 (3:23)

Soos vir die Here

Vandag gaan jy vir die soveelste keer baie dinge doen. Jy gaan jou Bybel lees en bid. Jy gaan in jou motor ry en die pad met ander mense deel. Jy gaan met jou man of vrou en kinders en met mense by jou werk praat en oor die telefoon vele gesprekke voer. Maar volgens watter standaard gaan jy dit doen?

As jy volgens jou eie goeddunke gaan optree, gaan jou sondige natuur welig tier en gaan jy 'n skewe spoor trap en chaos agterlaat. Nee, jy is 'n kind van die Here, en daarom moet jy jou hele lewe volgens die patroon inrig wat God neerlê. Kolossense 3:23 leer ons: Jy moet alles doen asof jy dit vir die Here doen! Jy moet in 'n noue en persoonlike geloofsgemeenskap met Jesus jou werk doen - in algehele en kinderlike afhanklikheid van Hom, met 'n gedurige gebed in jou hart waarin jy krag en wysheid van Hom afsmeek. Jy moet Hom gedurig vra om jou deur sy Heilige Gees op die smal pad te lei. Sonder Hom kan jy niks doen nie, maar met Hom is jy tot alle dinge in staat. Die standaard waarvolgens jy jou dagtaak verrig, jou gesprekke en onderhandelings - met wie ook al - voer, jou briewe skryf, ja, alles moet só wees asof jy dit vir Christus doen, asof jy nou met Hom praat, met Hom besig is. Só goed, só nougeset, só getrou. Jy is in ieder geval gedurig in die teenwoordigheid van die alomteenwoordige en alwetende en alsiende God. Wat jy doen moet jy nie doen om een of ander mens of 'n baas tevrede te stel nie. Jy lewe elke oomblik voor die oë van die Heilige God - jou God, jou Vader.

Dr. A.H. Grove (Klerksdorp-Noord)